Verdien AgriBonuspunte op alle produkte
deur Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Fokus op Fanie Boshoff

Zeerust area

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir Fanie Boshoff by
Sel: 082 523 8061 E-pos: fbos@laeveld.co.za

Fanie Boshoff is in 1961 op Odendaalsrus gebore. Hy was die grootste deel van sy laerskoolloopbaan in die Laerskool Schuinsdrift, geleë in die Marico bosveld.

Sy hoërskoolloopbaan voltooi hy in 1978 in Rustenburg by Hoërskool Bergsig.

Na matriek is Fanie na die Pretoria Technikon waar hy 'n Nasionale Diploma in Landbou voltooi het, met plantkunde en grondkunde as hoofvakke. In 1982 meld hy aan by Kroonstad vir militêre diensplig. Hy voltooi 'n leierskursus op Kimberley en word ontplooi as inligtingsoffisier.

Fanie werk daarna by die Departement van Landbou op Potchefstroom as navorser op rygewasse tot 1996, waarna hy die Landbou-chemiese bedryf betree.

Hy begin in 1997 by WTP op Lichtenburg as agent in die Carletonville area, maar skuif na twee jaar na die Mafikeng omgewing waar hy tans woon en werk.

Fanie is getroud met Alidah en uit hul huwelik is daar twee spruite gebore, Stephan en Ronyah. Verder is hy ook die trotse stiefpa van twee jong manne wat reeds besig is om hulle eie merk in die grootmenslewe te maak.

Sy stokperdjies behels naastenby alles wat met die buitelewe te doen het, onder andere; fotografie, jag en hengel.

Fanie sê: "Ek is baie opgewonde oor my nuutgevonde verbintenis met Laeveld Agrochem en ek glo dat ek met hulle wye reeks produkte tot my beskikking 'n groot invloed op my omgewing gaan hê!"